



Mondstuk van die canolawerkgroep



April 2026 No. 126

CANOLA KALENDER: BELANGRIKHEID VAN TYDSBEREKENING


Saamgestel deur: Mnr PJA Lombard, & Prof J Strauss

Inleiding

Die voordele van canola in 'n wisselboustelsel is reeds lank bekend, maar daar is steeds nuwe toetreders tot die bedryf en gewas. Canola het homself gevestig as 'n onmisbare skakel in wisselboustelsels. Steeds is daar vrae en onduidelikheid oor die ideale tyd vir verskillende aksies in die verbouing van canola. Die verandering van kultivars en die wisselvalligheid van die seisoene, bemoeilik die besluitneming op die plaas. Die ideale periode waarbinne die aksies moet plaasvind is soms net enkele dae.

Wat bepaal die fisiologiese ontwikkeling en potensiaal van canola?

Die plant se ontwikkeling bestaan uit hoofsaaklik twee fases, naamlik die vegetatiewe en reprodutiewe stadiums (**Figuur 1**).



Figuur 1: Canola-groeistadiums.(Saamgestel uit: Sylvester-Bradley (1985), Canola Council of Canada en P Lombard)

Belangrike besluite tov tydsberekening sluit in die volgende:

- 1. Plantdatum**
- 2. Bemesting**
- 3. Onkruidbeheer**
- 4. Swartstam beheer**
- 5. Sclerotinia beheer**
- 6. Platsny en oes van canola (tyd)**

1. Plantdatum:

Die regte plantdatum speel steeds die belangrikste rol en bepaal blomdatum. Plaaslike data toon dat vroeë kultivars minder sensitief is vir blomdatum, terwyl medium kultivars beter vaar met 'n vroeë aanplanting.

Dis belangrik dat produsente plantdatum by die kultivar moet aanpas, om te verseker dat die canola blom in die tweede helfte van Julie. Dis die bestuurspraktyk met die laagste risiko. In **Tabel 1** word plantdatums en risiko opgesom en is saamgestel deur Fletcher (2026) en P Lombard. In **Figuur 2** word die dae tot blom van enkele kultivars aangedui oor die afgelope vier seisoene.

Die keuse van die regte kultivar vir die verwagte blomvenster in die Tygerhoek (Riviersonderend)omgewing is byvoorbeeld soos volg:


- Vinnige kultivars soos Diamond behoort later as 15 April geplant te word, om vroeë blom, Sclerotinia en ryprisiko te vermy.
- Stadiger kultivars soos 44Y94 kan enkele dae voor 15 April geplant word om 'n ideale tyd van blom te kry.

In die Swartland, waar plantdatum en ontkieming hoofsaaklik reënvalgedrewe is, moet die fokus wees om te plant so naby as moontlik aan betekenisvolle reën vanaf die 15 April.

Tabel 1: Plantdatum van canola en moontlike gepaardgaande risiko's.

Saai datum	Grondvog bo verwelkpunt vir minstens 4 dae (3.5-6% vog)	Droë grond (beduidende reën voorspel binne 7 dae) (Vroeg in die seisoen (April) tot 30mm, vog reeds in die grond kan bygetel word.)		Droë grond (geen reën voorspel)
1 - 15 April (vroeg) (Suid-Kaap)	Nat saai met versigtigheid Maak seker daar is voldoende grondvog.	Droë saai met versigtigheid Indien reën onvoldoende is, is daar 'n risiko vir saadverswakking.		Moenie droog saai nie Risiko dat ligte reën tot saadverswakking kan lei.
16 April tot 10 Mei (optimum) (Swartland en Suid-Kaap)	Nat saai	Droë saai Gee voorkeur aan ligter gronde.	Diep plant Slegs as voldoende vog beskikbaar is, dieper in die grond.	Droë saai met versigtigheid As reën nie realiseer nie, is daar risiko vir saadverswakking en laat opkoms.
10 Mei tot 30 Mei (laat) (Wes-Kaap)	Nat saai Saad sal ontkiem, maar met laat opkoms kan opbrengspotensiaal verminder word.	Moenie droog saai nie Wag vir 'n breek. Oorweeg ander gewasse of opsies.		Moenie droog saai nie Wag vir 'n breek. Oorweeg ander gewasse of opsies.
1 Junie en later (te laat) (Wes-Kaap)	Nat saai Verwag laer opbrengspotensiaal. Oorweeg ander gewasse.	Moenie droog saai nie Te laat vir canola. Oorweeg ander gewasse.		Moenie droog saai nie Te laat vir canola. Oorweeg ander gewasse.

Groen is relatief veilig, oranje dui op versigtig en rooi dui op risiko.



Figuur 2: Die gemiddelde dae tot aanvang van blom (begin blom) by Tygerhoek in die Suid-Kaap.

2. Bemesting:

Canola het 'n beduidend hoër voedingsbehoefte as kleingrane. Die opbrengs van canola wissel tussen 45% en 64,2% (10 jaar gemiddeld - 59,3%) van die koringopbrengs. In **Tabel 2** word die bemestingsriglyne vir stikstof (N) gegee.

Canola verwyder ongeveer:

Stikstof	: 40 kg N/ton
Fosfaat	: 7 kg P/ton
Kalium	: 9 kg K/ton
Swawel	: 10 kg S/ton
Boor (B)	: Krities vir bestuiwing en peulvorming. (Toediening voor volblom is noodsaaklik)

Canola is baie gevoelig vir saadgeplaasde bemestingstowwe en kunsmis moet verkieslik 10-20mm weg van die saad geplaas word. Die hoeveelheid stikstof moet beperk word tot <15 kg per hektaar met plant. Twee topbemestings word aanbeveel om die risiko's te beperk. 'n Tweede bobemesting mag in lae reënval gebiede en droë seisoene afgeskaal of heeltemal teruggehou word.

Spoorelemente moet as blaarbespuitings toegedien word indien grondontledings op gebrekkige grondinhoud dui, of tekortsymptome gedurende

die groeiseisoen waargeneem word.

3. Onkruidbeheer:

Effektiewe en tydige praktyke is noodsaaklik vir die beheer van onkruid. Die etiket van die produk moet geraadpleeg word en daar moet ook gelet word op die mengbaarheid van verskillende middels. 'n Chemiese adviseur met ondervinding in die veld is van onskatbare waarde. Enkele aspekte van onkruidbeheer word hier aangerak.

Tipe kultivars

Daar is drie tipe kultivars in Suid-Afrika, hulle word geklassifiseer volgens die tipe onkruidododer wat op hulle gebruik kan word.

a. Konvensioneel

Grasbeheer word met "*Fops and Dims*" onkruidododer gedoen. Hulle is baie gevoelig vir sulfoniel ureurm (SU's) oordrag in die grond.

b. Clearfield (CI)

Ideaal vir die ondersaai met lusern. Imazamoks onkruidododer is geregistreer op die kultivars.

c. Triasien bestand (TT)

Triasien onkruidododers is geregistreer vir gebruik op TT kultivars. Verwagte opbrengs is 10% tot 20% minder as ander twee kultivargroepe. Hulle is baie gevoelig vir SU's oordrag in die grond.

d. Clearfield en Triazine bestande kultivars

Hoewel slegs drie groepe vermeld is, moet ons besef dat daar kultivars is wat albei bogenoemde eienskappe bevat. Hul opbrengspotensiaal bly steeds laer as die CI-groep maar die voordeel is dat Imazamoks en Triasien onkruidododers op hulle gebruik kan word.

Onkruidbeheer

'n Effektiewe voorsaai bespuiting is die ideaal vir canola verbouing. Dit is egter nie altyd moontlik nie, veral as die eerste reën eers te laat in die seisoen kom.

Glifosaat moet minstens 7 tot 14 dae voor saai toegedien word, veral op sanderige grond. Indien daar direk voor plant gespuit moet word, moet paraquat of diquat, gebruik word.

Trifluralin beweeg nie deur loging in grond nie, dit moet in die ontkiemingsone van die onkruidsaad geplaas word. Trifluralin word deur ultraviolet van die son afgebreek en moet binne enkele minute na toediening deur grond bedek word.

Tydsberekening ten opsigte van onkruidbeheer

Produkte soos die Triasiene en Propisamied (bv. Kerb Flo) het reën nodig na toediening. Dit verseker wortelopname en effektiewe beheer van grasse en sekere breëblaaronkruid.

Aktiefgroeïende onkruid word baie meer doeltreffend beheer as plante onder stremming. Canola is 'n baie goeie onderdrukker van onkruid. 'n Egalige en goed gevestigde plantestand, help om veral later ontkiemende onkruid te onderdruk.

4. Siektebeheer:

Swartstam en *Sclerotinia* is die gevaarlikste siektes by canola in die Wes-Kaap. Swartstam oorkom met tyd die weerstandsgene wat in canolakultivars is.

Wanneer om te beheer:

- 4.1 Saadbehandeling: Saad vanuit Australië en Kanada word hoofsaaklik met swamdoders uit die SDHI-groep behandel. Dit beskerm die saailing aanvanklik, wanneer dit die meeste vatbaar is vir die siekte.
- 4.2 Swambeheer: Indien swambespuiting oorweeg word, moet daar op 4-6 blaarstadium gespuit word. Omstandighede wat die risiko verhoog is:
 - a) hoë reënval;
 - b) hoë siektedruk op die plaas en omgewing;
 - c) kultivars met swakker weerstand;
 - d) plaassaad (teruggehou) maak soms 'n bespuiting nodig.

4.3 Bestuur: Goeie bestuurspraktyke verminder die nodigheid om te spuit vir swartstam (Blackleg Management Guide, GRDC).

- a) Plant kultivars met goeie weerstand;
- b) Wissel kultivars af tussen seisoene;
- c) Volg 'n langer rotasiestelsel (plant elke 4^{de} jaar canola);
- d) Effektiewe saadbehandeling gee beskerming;
- e) Plant minstens 500 m vanaf 'n vorige canola-land.

5. Beheer van Sclerotinia

In die Suid-Kaap sal dit 'n groot risiko wees, om nie ten minste een bespuiting te oorweeg nie. As 'n algemene riglyn moet daar tussen 20 en 30% blomstadium gespuit word.

Hoe lyk die % blomstadiums (**Figure 2 en 3**):

- 10 % blom: Waar daar 10 oop blomme aan die hoofhalm is.
- 20 % blom: 16 tot 18 oop blomme aan die hoofhalm .
- 30 % blom: 20 oop blomme aan hoofhalm (paar klein peule reeds gevorm).
- Dit neem 2 tot 4 dae vir 'n 10 % verandering in blompersentasie.
- Pas gevormde peule asook afgespeende blomme word ook as "oop blomme" getel.


Waarom spuit tydens blom ?

Swammiddels maak nie siek plante gesond nie. 'n Effektiewe bespuiting benat die blomblare en plant, dit voorkom dat spore op blomblare groei en ontwikkel. Die proses vind plaas nadat die blomblaar op die stam geval het, waar die blaar by die stam aansluit. Bespuitings voor blomtyd is dus nie effektief nie.



Canolaplante by 20% blomstadium.

<https://www.canolacouncil.org/sclerotinia-photo-gallery/>



Figuur 3: Blomstadiums van canola

6. Platsny en oes van canola (tyd)

'n Kritisie belangrike stadium in die produksie van canola is die oes van die gewas. Groot saadverliese kan voorkom weens voortydige platsny of doodspuit van canola. Canola word ook op twee moontlike maniere geoes, platsny of direk. In die Overberg word 'n groter persentasie canola platgesny as in die Swartland. Platsny van canola is veiliger in areas waar sterk wind tydens die

oesperiode voorkom. 'n Goed gevormde windry help om die platgesnyde canola teen die wind te beskerm.


Punte belangrik vir oes:

1. Sny canola plat in areas waar sterk wind tydens oestyd voorkom.
2. Die windry moenie groter wees as wat die stroper kan hanteer nie.
3. Sny op die regte stadium plat (60% saadverkleuring).
4. Korrekte hoogte van platsny is net bo die eerste vertakking. Dit help die windry beskerm teen wind en vergemaklik die optel proses tydens oes.
5. Vog-inhoud tydens oes: Daar kan geoes word vanaf 8 – 12% voginhoud. Groot verliese kan voorkom as canola geoes word by lae voginhoud.
6. Indien canola doodgespuit (desiccated) word, moet dit nie voor 90% totale saadverkleuring (die pit moet heeltemal verkleur wees) gedoen word nie. Indien te vroeg gespuit word, kan daar ernstige verliese ontstaan en chlorofil in die saad is ook 'n probleem.



Bepaling van persentasie saadverkleuring:

1. Pluk 1 peul op die middelste derde van die hoofhalm
2. Pluk 3 peule van die middelste derde van die syhalms
3. Herhaal op 5 plante (20 peule)
4. Beweeg na 4 ander areas in die land en herhaal prosedure tot daar 100 peule is.
5. Breek die peule oop en versamel die saad.

6. Vergelyk kleur met ondersaande skaal (Tabel 3) soos bepaal deur Department of Primary Industry, New South Wales (GRDC, 2020).



Tabel: 3: Bepaling van beste tyd vir platsny

Beste tyd vir platsny		
60% verkleuring	70% verkleuring	80% verkleuring
Sny plat in 2-3 dae	Sny plat in 1-2 dae	Sny dadelik plat
Opbrengsverlaging <5%	Geen opbrengsverlaging	Geen opbrengsverlaging
		

Bronne:

Sylvester-Bradley, R. 1985. *Aspects of Applied Biology*, 10: 395-400.

Fletcher A. Top tips for effective canola establishment. 2026.
<https://groundcover.grdc.com.au/crops/oilseeds/top-tips-for-effective-canola-establishment>



Redaksie: PJA Lombard, J Bruwer, Franco le Roux, Dian Moore

Geborg deur die Proteïennavorsingstigting

Besoek die PNS se webblad by www.proteinresearch.net vir vorige uitgawes van nuusbriewe en pamflette.